



SERVO FIDUCIARY SERVICES
(PTY)LTD-Reg.no2012/025413/07

Conserve & Preserve
Conserve & Preserve

Naasbestaandes wat iemand aan die dood afgestaan het, het nie die ekstra emosionele vermoë of die energie wat dit verg om die nodige finansiële sake gedurende dié moeilike tyd te hanteer nie. Hulle het eerder die ekstra sorg van simpatieke belangstellendes nodig.

Die bereddering van 'n boedel kan boonop 'n uiters tegniese proses wees wat vir die oningeligte omslagtig en moeilik kan voorkom.

As Eksekuteur streef Servo Fidusiêre Dienste daarna om kliënte se boedels so gou as moontlik af te handel tot die algehele tevredenheid van alle partye sonder om ons persoonlike diens prys te gee.

As deel van ons diens bied ons jou graag inligting oor die prosedures wat by die bereddering van 'n boedel van toepassing is.

AANSTELLING VAN DIE EKSEKUTEUR

Om 'n Eksekuteur van 'n boedel met 'n bruto batewaarde van meer as R125 000,00 aan te stel, moet die Meester van die Hoë Hof (die Meester) amptelik van die sterfgeval in kennis gestel word. Dit word gedoen deur sekere voorgeskrewe dokumente (byvoorbeeld 'n Sterfkennis, Inventaris, Aanneming van Eksekuteurskap en die Testament, indien enige) aan die Meester te stuur.

Wanneer die Meester die aanmeldingsdokumente ontvang, ondersoek hy dit en vergewis hom van die geldigheid van die testament. In dien hy tevrede is, stel hy 'n Eksekuteur aan deur die uitreiking van die sogenaamde "Eksekuteursbrief". Slegs na die ontvangs daarvan kan die Eksekuteur amptelik begin om die boedel te beredder.

Terwyl die Eksekuteur vir die Eksekuteursbrief wag, bekom hy alle beskikbare inligting en dokumentêre bewysstukke om die omvang van die bates en laste van die oorledene se boedel te bepaal.



Director: Brenton Ellis ■ Postgraduate Diploma in Financial Planning

PostNet Suite 76, Private Bag x 19, Durbanville 7551 ■ Tel: 021 914 4786 ■ Cell: 082 331 2354 ■ e-mail: brenton@servofs.co.za

VOORBEREIDING EN OPSTEL VAN LIKWIDASIE- EN DISTRIBUSIEREKENING

By ontvangs van die Eksekuteursbrief is die Eksekuteur verplig om 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* en plaaslike nuusblad te plaas. Daarin word krediteure van die oorledene versoek om die Eksekuteur binne 30 dae in kennis te stel van enige eise teen die boedel. Die Eksekuteur gaan intussen voort om waardasies van vaste en roerende bates van die boedel te bekom, asook besonderhede van die beleggings van die oorledene.

Sodra alle besonderhede ontvang is, stel die Eksekuteur vas of die boedel oor voldoende kontant beskik om verpligtinge na te kom. Indien nie, word die begunstigdes geraadpleeg oor die wyse waarop hulle beoog om die kontanttekort aan te vul. Indien hulle nie in staat is om dit te doen nie, is die Eksekuteur verplig om van die bates in die boedel te verkoop om die kontanttekort te dek. Waar bates verkoop moet word, lei dit dikwels tot uitgerekte onderhandelinge met begunstigdes, afslaers en ander persone.

Intussen sou die Eksekuteur ook reeds die inkomste-belastingposisie van die oorledene vasgestel het deur die nodige opgawes by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens in te dien.

Hierdie voorbereidingswerk vir die opstel van die Likwidasië- en Distribusierekening kan enigiets van 6 weke tot 6 maande duur, na gelang van die omvang en gekompliseerdheid van die betrokke boedel. Die Eksekuteur is kragtens die Boedelwet verplig om hierdie rekening binne 6 maande ná die uitreiking van die Eksekuteursbrief in te dien, tensy vooraf by die Meester uitstel vir die indiening daarvan verkry is.

ONDERSOEKPROSES

Aan die hand van die inligting wat ingewin is, stel die Eksekuteur nou 'n Likwidasië- en Distribusierekening op. Dit sit alle bates, laste en administrasiekoste uiteen. Dit verduidelik hoe bates verdeel word en of boedelbelasting betaalbaar is of nie. Die rekening som dus die hele beredderingsproses op.



Die rekening word by die Meester ingedien. Die Meester se ondersoekbeamptes gaan die rekening na, met inagneming van alle regsvoorskrifte waaraan die Eksekuteur moet voldoen. Die Meester kan verdere inligting en bewyse in die vorm van 'n vraelys van die Eksekuteur aanvra.

TER INSAE

Sodra die Eksekuteur verneem dat die Meester tevrede is met die rekening, is hy verplig om dit minstens 21 dae lank vir belanghebbendes ter insae te laat lê. Dit word gedoen deur 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* en in 'n plaaslike nuusblad te plaas, wat aandui waar die rekening vir die tydperk ter insae sal lê. Enige persoon wat 'n belang by die boedel het, kan gedurende dié tydperk beswaar teen die rekening by die Meester indien.

AFHANDELING VAN DIE BOEDEL

Indien daar geen besware teen die boedelrekening geopper is nie, kan die Eksekuteur die boedel afhandel. Hy betaal skuldeisers, oorhandig aan erfgename hul erfposies en reel vir die oordrag van vaste eiendom in die naam van dié wat daarop geregtig is. Die oordragproses kan soms heelwat tyd in beslag neem, aangesien spesifieke wetgewing daarop van toepassing is.

Sodra bewys aan die Meester gelewer is dat alle skuldeisers betaal is, dat die erfgename hul erfenis ontvang het en dat die vaste eiendom oorgedra is, is die beredderingsproses afgehandel en word die Eksekuteur van sy pligte onthef.

WETGEWING

Die bereddering van bestorwe boedels in Suid-Afrika word grootliks beheer deur die Boedelwet van 1965. Die proses wat hier uiteengesit word, is hoofsaaklik gegrond op die voorskrifte van die Wet.



FAKTORE WAT BEREDDERING KAN VERTRAAG

- Geen testament of geen genomineerde Eksekuteur nie
- Gebrek aan inligting en verdragings met verkryging van bywyse vir invul van belastingopgawes.
- Dokumente wat wegraak en gebrekkige inligting
- Kontanttekort
- Likwidasië van sakebelange
- Betwiste eise
- Foutiewe, onpraktiewe of verouderde testamente
- Beëindiging van beperkte regte soos vruggebruik
- Verdragings met die verkryging van inligting en dokument vanaf sekere private en staatsinstellings
- Twis en onenigheid onder erfgename.

PLAAS JOU VERTROUE IN SERVO FIDUSIËRE DIENSTE

Die sukses van Servo Fidusiëre Dienste se boedelafdeling hou direk verband met ons ervare en deskundige personeelkorps. Servo Fidusiëre Dienste roem hom daarop dat die bereddering van elke individuele boedel vinnig en doeltreffend afgehandel word. 'n Deurlopende kontroleproses word gevolg en die struktuur sluit interne en eksterne ouditspanne in.

